Vaalpark Gemeente

Gebedsbulletin
No. 23 van 2022

05 Junie 2022

Deon Serfontein Tel: (016) 971-3027 Sel: 083-288-7555

Hoe kry jy wysheid?

Hoe kry jy wysheid, God se soort? Wel, jy jaag dit na met alles in jou. Wanneer Wysheid self aan die woord is in Spreuke 8:17, beloof sy: “Wie My soek, vind my.” Wysheid is belangriker as enigiets anders. Dit maak jou vir altyd skatryk in God. Dit waarborg vir jou ’n mooi en vol lewe in sy nabyheid. In Wysheid se eie woorde: “Ek het diegene lief wat my liefhet” (8:17) … Wat ek vir jou gee is beter as die fynste goud, wat ek na jou toe bring is beter as die fynste silwer” (8:19).

Daar is net een manier hoe jy die Here se wysheid baasraak: Jy moet jouself bekeer. Natuurlik bekeer jy heel eerste tot die Here. Maar as jy nie sy wysheid aanhoudend soek met alles in jou nie, sal dit nooit in jou hart en in jou gedagtes posvat of groei nie. Jy kort ’n tweede bekering in jou lewe, ‘n bekering tot die Here se wysheid.

Spreuke 2:2-5 roep jou op om jou ore gedurig wawyd oop te maak vir wysheid. Jy moet wysheid afsmeek van die Here en dit soek soos ’n verborge skat. Jy moet dit soek soos wat jy na silwer en goud soek. Dan sal jy weet hoe om die Here reg te dien. Dan sal jy ontdek wat dit beteken om God van harte te ken! Die Here se wysheid word prakties ingeoefen as jy Hom voorop stel in jou gedagtes, jou lewe, jou vrye tyd, jou sport, jou kerk. Jy doen dit intensioneel. Jy kies oor en oor om aan die Here te dink. Jy kies ook om na te dink oor hoe om reg op te tree in elke situasie, tussen jou vriende, en waar jy ook al is.

deur Stephan Joubert

Gemeente – Algemeen

-Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

Voorbidding

*Bid vir Janine Vorster vir nabyheid vd Here
*Bid vir Lottie Conradie & familie vir nabyheid van die HERE
*Bid vir Maria Steyn vir volle genesing
*Bid vir Sampie Swart vir nabyheid vd Here
*Bid vir mense wat COVID-19 het
*Bid vir families wat geliefdes aan die dood afgestaan het
*Bid vir Tannie Marinda Jordaan vir volle genesing
*Bid vir Hester Weldhagen vir nabyheid van die HERE
*Bid vir die oorlog in Oekraïne en die families wat swaar kry
*Bid vir Suzelle Barckhuizen vir volle herstel
*Bid vir Ria Putter vir genesing en nabyheid van die HERE
*Bid vir Eberhard Carshagen vir nabyheid van die HERE
*Bid vir Marga Holtzhausen vir volle genesing
*Bid vir Tonie Redelinghuys vir nabyheid van die HERE
*Bid vir Jaap Naudé
*Bid vir Johan & Belinda Kotzé vir volle genesing
*Bid vir David Huxham se pa vir nabyheid van die HERE
*Bid vir Jan Viljoen vir volle genesing
*Bid vir Serge de Guay-hy is in ICU vir volle genesing
*Bid vir Eli van Rensburg
*Bid Hanna Pienaar vir volle genesing

Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***…

- HERE, ek het U lief! AMEN

Behoeftes . . .

Die HERE sal SY goeie voorraadskuur, die hemel, vir jou oopmaak om vir jou land reën te gee op die regte tyd, om alles wat jy doen, te seën. Dan sal jy nie hoef te leen nie. ***Deut 28:12***

Onthou . . .

GOD is en bly in beheer – maak nie saak wat in en om ons wêreld gebeur nie! Hou goeie moed!!

Onthou om te onthou . . .

Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer . . .
ABSA Sasolburg; Tjek Rekening
Rekno.: 0520580654
Takkode: 632005

Gedagte vd week

Dit is GOD wat in julle werk

Filip. 2:13

Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in.